KZN DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

GREENBURY SEKONDERE SKOOL

AFRIKAANS (EAT)

JUNIE EKSAMEN – 2018

GRAAD 12 VRAESTEL 1 | DATUM: 05/ 06/ 2018

PUNTE: 80 | TYDSDUUR: 2 UUR

EKSAMINATOR: S.R.PANDAY | MODERATRISE: MEV. S. SUKHNANAN

---

NAAM AN LEERLING: ______________________________

---

HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 11 BLADSYE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING AAN KANDIDATE

1. Hierdie vraestel bestaan uit 3 Afdeling:
   Afdeling A: Leesbegrip (30)
   Afdeling B: Opsomming (10)
   Afdeling C: Taal (40)
2. Beantwoord Al die vrae .
3. Lees die instruksies by al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer jou antwoorde korrek volgens die vraestel.
5. Beplan jou tydindeling.
6. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: LEESBEGRIP

Vraag EEN: Teks 1

Lees die onderstaande teks noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

## HELP, DAAR'S 'n BOA AAN MY BOUD!

Die kinders was dol oor hul nuwe troeteldier, 'n Birmaanse luislang van 2,7m wat hul eenslaapkamer-woonstel in 'n hotel in San Diego met hulle gedeel het. Hulle het ook baie uitgesien na ma se nuwe baba.

Totdat Mary Anne Carter een aand tienuur wakker skrik met die slang om haar swanger maag gedraai, besig om haar aan die boud te byt.

Haar man, Brad, het 'n knipmes gegryp en probeer om die slang van Mary Anne se lyf af te sny, Maar toe raak hy self in die monster se kinkels verstrengel.

'n Buurman het kom help, maar kon ook nie veel uitrig nie. "Ons het sy bek met 'n koevoet van haar probeer afkry. Ons was twee sterk mans wat 'n kwartier lank teen die reptiel gebaklei het, maar kon niks utirig nie," het Brad later vertel.

Hulle het 'n paramediese span gebel wat uiteindelik 'n saag moes gebruik om die luislang se kop af te sny sodat sy spiere kon verslap.

Die twee kinders het die hele drama dopgehou. Nou kry hulle sielkundige behandeling om die verlies van hul troeteldiere te verwerk. "Die slang was soos 'n hond in die huis," se Brad. "Hy het ons oral agtervolg. Om die een of ander rede het hy die nag besluit om aan te val."

Volgens die Amerikaanse polisie is dit nie onwettig om 'n luislang as troeteldier aan te hou nie. Die slang moes net verkies in 'n hok gewees het.

Mary Anne se baba het niks oorgekom nie. Daaroor is Brad baie dankbaar.

Maar hy sal seker nog lank tob oor die R700 wat hy vir die luislang betaal het.

VRAE:

1.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die nommer en antwoord neer.

1.1.1 'n Boa is 'n ...
A. Bobbejaan
B. Slang
C. Hond (1)

1.1.2 Wie help die kinders om hulle verlies te verwerk?
A. 'n Veearts
B. 'n Sielkundige
C. 'n Jagter (1)

1.1.3 Hoeveel het die luislang gekos?
A. Een hondeerd rand
B. Drie honderd rand
C. Sewe honderd rand (1)

1.2 In watter stad het die gesin gebly? (1)

1.3 Waarna het die gesin uitgesien? (1)

1.4 Wat verstaan jy met die volgende uitdrukking:

" die kinders was dol oor hul nuwe troeteldier." (2)

1.5 Hoekom het Mary Anne wakker geskrik? (2)

1.6 Wat het met Brad gebeur toe hy Mary Anne wou help? (2)

1.7 Kon die twee mans Mary Anne help?

Sê Ja / Nee. Haal 5 agtreenvolgende woorde aan om jou antwoord te staaf. (2)

1.8 Hoe het die paramediese span daarin geslaag om Mary Anne te red? (2)

1.9 Sê waarom die volgende stelling ONWAAR is. Motiveer jou antwoord deur uit die stuk aan te haal.

1.9.1 Dit is teen die wet om 'n luislang as troeteldier te hou. (1)

1.9.2 Mary Anne se baba het in die voorval seergekry. (1)

1.10 Waar, volgens die polisie, moes die slang verkieslik gewees het? (1)

1.11 Verduidelik kortliks wat die volgende uitdrukking beteken:

"Maar hy sal seker nog lank tob oor die R700 wat hy vir die luislang betaal het." (2)

{20}

Teks 2

Bestudeer die spotprent en beantwoord die vrae wat volg.



1.12 Van watter land kom die man en vrou? Antwoord in slegs <u>EEN</u> woord. (1)

1.13 Gee 'n moontlike rede waarom hulle hul land verlaat het. (2)

1.14 Verduidelik waarom hulle dink hulle moet teruggaan na hul eie land. (2)

1.15 Kyk na die plakkaat onder links in die spotprent en kies die korrekte woord tussen hakies. Skryf net die woord neer.

Die woorde se 1.15.1 ( letterlike, figuurlike) betekenis is dat mense swaarkry en die 1.15.2 (letterlike,figuurlike) betekenis is dat dit donker is omdat daar nie elektrisiteit is nie. (2)

1.16 Watter soort werk doen die man regs op die spotprent? (1)

1.17 Wat sê sy liggaamstaal oor sy gevoelens? (2)

[10]

<u>AFDELING B: OPSOMMING</u>

<u>Vraag 2</u>

<u>Teks 3</u>

Lees die onderstaande teks deur en voer die instruksies uit.

<u>INSTRUKSIES</u>

1. Som die stappe op wat na finansiële vryheid lei.
2. Skryf die stappe in sewe volsinne neer.
3. Skryf die sinne puntgewys onder mekaar neer.
4. Laat 'n reël tussen die sinne oop.
5. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
6. Dui die getal woorde aan die eiende van die opsomming aan.

## DIE PAD NA FINANSIËLE VRYHEID

1. Moenie alles tegelyk probeer doen nie. Fokus op een belangrike aspek al is dit net een klein dingetjie–wat jy wel kan hanteer en probeer dan om dit op te los. Om te veel dinge te hanteer kan jou verlam.

2. Wanneer jy nie weet wat om te doen nie, gaan soek raad. Om alleen besluite te neem, laat jou onseker en benoud voel. Druk jou behoefte duidelik uit en sê watter soort hulp jy nodig het.

3. Baie van mense se probleme ontstaan omdat hulle nie die waarheid erken nie. Ondersoek jou menswees, dade en woorde en wees eerlik teenoor jouself sodat jy kan vasstel as jy verkeerd leef en verkeerde dinge doen.

4. Waar jy verkeerde dinge doen of verkeerd optree, moet jy skuld erken. Stel jou oop en maak skoon waar daar donker kolle en geheime in jou lewe is. Sê jy is jammer vir die mense wat jy seergemaak het en waar jy verkeerd opgetree het.

5. Identifiseer die slegte gewoontes in jou lewe en raak ontslae daarvan. Begin om skoon, eerlik en opreg te leef. Maak plek in vir nuwe positiewe dinge in jou lewe.

6. Vandag se werklikhede is gister se besluite. More se werklikhede is vandag se besluite. Kyk objektief na jou sake en omstandighede en neem `n verantwoordelike besluit.

7. Mense raak verbitterd wanneer hulle materiële dinge verloor. Wees dankbaar vir wat jy nog het. Tel jou seëninge elke dag eerder as om te kerm oor probleme en verliese.

**(Aangepas uit : rooi rose, Maart 2009 )**

[10]

AFDELING C: TAAL

Vraag Drie: Advertensie

Teks 4

Die taalvrae wat volg is op die onderstaande advertensie gebasseer.

Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.

Opsetlike taalfoute kom voor.



Sit 'n huppel in
jou stap...
met **PROCYDIN®**

Probleme (3.3. )lae energievlakke,bloedsirkulasie, stywe gewrigte,hoë bloeddruk en hoe cholesterol?

Neem **PROCYDIN** , die (3.4. kragtig) antioksidant in 'n capsule vir die hele gesin.

**PROCYDIN** bevat druiwepitekstrak, 'n kragtige antioksidant wat (3.5. sel) help beskerm (3.6. tien) die vernietigende uitwerking van vryradikale.

**PROCYDIN** kan help om:

- Bloedsomloop te stimuleer.
- (3.7. Bloed + druk) te normaliseer
- Hartgesondheid te bevorder
- Die immuunstelsel te versterk.

**PROCYDIN ...die aanvulling (3.8. vol) met die** voedings**waarde wat (3.9.....) liggaam** nodig **het!**

Beskikbaar by alle (3.10. apteke.)

VRAE:

3.1 Wat word in die advertensie geadverteer? (1)

3.2 Wie is die teikengroep vir die advertensie? (1)

3.3 Vul die ontbrekende *VOORSETSEL in die sin hieronder.*

Dit help ___ probleme.

(1)

3.4 Gee die *KORREKTE VORM* van die woord tussen hakies:

Neem Procydin, die (kragtig) antioksidant . (1)

3.5 Gee die *MEERVOUD* van die woord tussen hakies:

'n Kragtige antiokisidant wat (sel) help beskerm. (1)

3.6 Verbeter die *SPELFOUT*

Help beskerm (tien) die vernietigende uitwerking van vryradikale. (1)

3.7 Gee die *SAMESTELLING* van die woorde tussen hakies:

Dit help om (bloed + druk) te normaliseer. (1)

3.8 Gee die *INTENSIEWE VORM* van die woord tussen hakies:

Dit is (vol) met voedingswaarde (1)

3.9 Gee die ontbrekende *VOORNAAMWOORD:*

Wat ___ liggaam nodig het! (1)

3.10 Gee die *ENKELVOUD* van die woord tussen hakies:

Dit is beskikbaar by (apteke). (1)

[10]

<u>Vraag Vier: Strokiesprent</u>

Bestudeer die onderstaande strokie oor Hagar se vrou, Helga en haar dogter, en beantwoord die vrae wat volg.

<u>TEKS 5</u>

RAAMPIE 1 RAAMPIE 2



VRAE:

4.1 Watter emosie word deur die meisie in raampie 1 uitgebeeld? (1)

4.2 Kies die korrekte antwoord tussen hakies en skryf net die korrekte woord neer.

4.2.1 Helga se gesigsuitdrukking in raampie 2 dui daarop dat sy (bly, kwaad, tevrede) is. (1)

4.2.2 Helga is siek en (sweet, sat, seer) vir al die harde werk. (1)

4.2.3 Helga (stereotipeer, manipuleer, bewonder) mans as sy se dat daar 'n vrou agter elke suksesvolle man is. (1)

4.3 Skryf die getal 24 (raampie 2) in woorde uit. (1)

4.4 Wat kan jy uit raampie 2 aflei oor die feit dat die meisie met haar hande agter haar rug staan? (1)

4.5 Hoekom word die uitroepteken in raampie 2 gebruik? (1)

4.6 Watter Voornaamwoord in raampie 2 verwys na die vroumens agter elke suksesvolle man? (1)

4.7 Na wie verwys die "hom" in raampie 2? (1)

4.8 Verbeter die spelling in die volgende sin:

" ... en sy werk 24 ure per dag." (1)

[10]

Vraag vyf: Artikel en Prent

Die taalvrae wat volg is op die artikel hieronder gebaseer.

Opsetlike taalfoute kom voor .

Voer die instruksies by elke vraag uit

**JEUGDAG, REDE VIR FEES.**

More,16 Junie is Jeugdag. (5.1.1.)Ons herdenk die Soweto-opstande.

Ona herdenk die tieners wat hul (5.1.2.) lewe in die stryd vir Vryheid verloor het,(5.1.3.maar /maer) (5.1.4.) dit is,vir my, n feesviering. Ons het iets om te (5.1.5.) vier.

(5.1.6) Dit sal ṅ vakansiedag vir die leerders wees! (5.1.7.) Ons volg nog ons eie koppe!

(5.1.8) Ons is vry!

Anders as Hector Peterson en sy(5.1.9.) dapper (5.1.10.) maats stap ons nie (5.1.11. polisie ≠ stasie) toe nie. (5.1.12.) Die jeug sal die dag geniet. (5.1.13) Ons is trots.Ons is uniek.

Ons is die Jeug van vandag en (5.1.14 ) ons sê : '' Ons is die toekoms! ''

BLAAI OM

5.1.1 Skryf oor in die *VERLEDE TYD*:

Ons herdenk die Soweto-opstaande. (1)

5.1.2 Gee die *MEERVOUDSVORM* van die woord tussen hakies.

Hulle (lewe) in die stryd vir Vryheid verloor . (1)

5.1.3 Kies die *KORREKTE WOORD* tussen hakies:

... (maer/ maar) dit is vir my 'n feesviering. (1)

5.1.4 Skryf die sin oor in die korrekte *WOORDORDE*:

Dit is, vir my, 'n feesviering.

Begin so: Vir my ... (1)

5.1.5 Gebruik die woord tussen hakies in 'n kort sinnetjie sodat dit 'n ander betekenis het:

Ons het iets om te (vier). (1)

5.1.6 Skryf oor in die *TEENWOORDIGE TYD*:

Dit sal 'n vakansiedag vir die leerders wees. (1)

5.1.7 Skryf oor in die *ONTKENNENDE VORM*:

Ons volg nog ons eie koppe. (1)

5.1.8 Skryf oor in die *TOEKOMENDE TYD*:

Ons is vry! (1)

5.1.9 Gee die *VERGROTENDE TRAP* van die woord tussen hakies:
Hector Pieterson is (dapper) as sy maats.

(1)

5.1.10 Gee die *SINONIEM* van die woord tussen hakies:

Sy dapper (maats) was baie trots.

(1)

5.1.11 Gee die VERKLEINSWOORD van die woord tussen hakies:

Ons stap (polisiestasie) toe. (1)

5.1.12 Skryf oor in die LYDENDE VORM:

Die jeug sal die dag geniet. (1)

5.1.13 Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORD tussen hakies:

Ons is trots. Ons is uniek. (omdat) (1)

5.1.14 Skryf oor in die *INDIREKTE REDE*:


Die jeug sê: "Ons is die toekoms." (1)

[14]

5.2 <u>Prentjie</u>

<u>Teks 7</u>

Die taalvrae wat volg is op die onderstaande prentjie gebaseer.




Gebruik die woorde in die lys hieronder om die onderstaande sinne te voltooi.

| |
|---|
| Polisieman, leer, diewe, steel, sterre, steur |

5.2.1 Die ______________ sê dat die mans sag moet werk.

5.2.2 Hy besef nie dat die mans eintlik ________ is.

5.2.3 Hulle is besig om aluminium te ________.

5.2.4 Hy wil nie he dat hulle die president moet ________ nie.

5.2.5 Twee van hulle is al besig om op die _______ te klim.

5.2.6 As die President wakker word/sal hy net _______ sien, want daar sal nie meer 'n dak wees nie! (6)

<u>GROOTOTAAL: 80</u>

GREENBURY SECONDARY SCHOOL
DEPARTMENT OF LANGUAGES
H.O.D. MR S R PANDAY